

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here Jesus Christus die mag ontvang het om die wêreldgeskiedenis te laat gebeur en ontvou. Hy laat alle magte los in die wêreld. Met sy krag en mag as Here oor die wêreld verniel Hy die goddeloses om Hom uit vrees te eer terwyl Hy sy kerk Hom uit liefde laat dien en lief hê. Hy het die Corona-19 virus gemaak en as pes beskik en sal vir sy kerk deur hierdie mag heen die Here wee wat vir hul sondes geslag was. God slag ons nie met hierdie virus vir ons sondes nie.

Skriflesing Openbaring 5: 1 – 14; 6: 1 – 8.

Teks Openbaring 5: 5 “Ky, die Leeu uit die stam van Juda ... het oorwin sodat Hy die boekrol en die sewe seëls daarvan kan oopmaak.”

Tema Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

1. In Openbaring 5 word aan Jesus Christus as Here twee teenstrydige titels gegee: Hy is “die Leeu uit die stam van Juda” en “n Lam soos Een wat geslag was”. Die titel “Leeu uit die stam van Juda”, beskryf hoe die Here Jesus Christus oor die wêreld regeer. Die titel “n Lam soos Een wat geslag was, beskryf hoe die Here Jesus Christus die kerk regeer.

Vir die wêreld is die Here n verskeurende leeu terwyl Hy terselfdertyd vir sy kerk presies die teenoorgestelde is - n lewende Lam wat die tekens wys dat Hy geslag was.

In Genesis 49: 8 – 10 seën Jakob sy seun Juda met die volgende woorde: “Juda, dit is vir jou wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig. Jy is n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, gaan lê rustig soos n leeu, soos n leemannetjie wat deur niemand opgejaag word nie. Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.

In 2 Samuel 7 met die Dawidsbelofte sê die Here dat Hy aan Dawid hierdie belofte vervul het om sy vyande aan hom te onderwerp en dat die ander stamme voor hom, laat buig het as koning van Israel. (2 Sam. 7: 8 – 11) Verder sê die Here dan dat een van Dawid se seuns, sal vir altyd koning oor die volk van God wees, God sal sy Vader wees en Hy sal God se Seun wees.

Openbaring 5 wys dat Jesus die Christus en Here is wat soos n leeu rustig en ongestoord oor al die volke van die wêreld en hul leiers regeer.

In Jesaja 53: 1 – 12 word die Christus beskryf as n lam wat na die slagplek gely word, stil is en nie kla nie omdat Hy gestraf word oor die sonde van sy volk, sy lewe

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

as skuldoffer gee, en dan na sy lyding eer die lig sien om sondaars regverdig te maak.

Openbaring 5 wys dat Jesus die Christus en Here is wat vir sy kerk die Lam was wat hul sonde gedra het, hul skuldoffer was en hul regverdig maak om God te kan dien en liefhê.

Jesus Christus is vandag só Here: 'n Leeu wat nasies verskeur, en rustig ongestoord oor hulle regeer met sy krag en mag, maar vir sy kerk is Hy die Lam wat hul lyding en skuld gedra het sodat hulle vir God regverdiges kan wees.

2. Jesus Christus die Here: Leeu en Lam tegelykertyd!

Ek wil vir u graag weer met hierdie nuwe jaar met sy eiesoortige geleentheid, uitdagings en bedreigings die voorbeeld gee waarmee ek vir u hierdie teksgedeelte gepreek het toe ons in die wetteloosheid van 'n goddelose regering vervalde geraak het en ook toe ons onder grondeise gebuk gegaan het.

'n Leeumannetjie in die wildtuin wat vir die diere van die veld 'n verskeurende leeu is maar vir sy welpies 'n lam is. Ons sien dit gereeld hier by ons in die wildtuin net soos Jakob dit vir sy seun Juda geseën het. Wanneer so maanhaar leeu brul dan sidder elke dier verskrik, hardloop paniekerig rond sonder dat hulle weet waarheen en sien beangs orals dood en gevaar waar daar nie is nie. Wat maak die welpies terwyl die maanhaar só brul? Hulle speel en stoei met mekaar, klouter oor die maanhaar as hy klaar gebrul het en speel met sy stert! Wanneer hy só brul voel hulle veilig en gerus want hulle weet dit s hulle pa wat so brul! Met die krag en mag waarmee hy almal verskeur, gaan hy hulle beskerm en versorg! Elke welpie is van kleinsaf trots, dapper en vol vertroue, nie omdat hulle so sterk en magtig is nie, maar omdat hulle maanhaar pa is net soos Jakob hom in Genesis 49 beskryf: "Jy is 'n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, gaan lê rustig soos 'n leeu, soos 'n leeumannetjie wat deur niemand opgejaag word nie. Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp."

Christus is die Here wat met sy mag en krag as God die volke van die wêreld met hulle konings aan sy wil en besluite onderwerp, verniel en verskeur sodat hulle Hom uit vrees eer. Vir ons, sy kinders is Hy die Lam wat wys Hy was vir ons geslag. Hy koester ons met die krag en mag wat ander vrees, in sy sorg en liefde.

3. Jesus Christus die Here ontvou en ontplooi alles wat in die wêreld gebeur!

Dit beskryf Openbaring met die beeld van die boek wat met sewe seëls verseël is. Die boek wat vol geskryf is, stel alles wat God in sy raadsplan beskik wat in hoe dit in die wêreld gebeur voor. Die sewe seëls stel voor dat alles wat gebeur, net kan gebeur as dit ontsluit word.

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

Christus alleen kan die wêreldgeskiedenis ontsluit en laat gebeur. Alles wat God in sy raadsplan vir en met die hele wêreld, met elke mens, volk en nasie beskik het, kan net Christus laat gebeur.

Dit is hoe Christus Homself hier bekend maak. Net Hy is waardig om die boekrol te kan ontvang en net Hy breek elke seël sodat alles wat God beskik het in sy raadsplan gebeur wanneer net Christus dit laat gebeur.

Christus het die boekrol van die Vader se raadsplan ontvang en hou dit in sy hand. (5:8) Dit is die lof en die eer en die heerlikheid wat die kerk in die hemel en die hele skepping, in die hemel en op die aarde en onder die aarde, op die see en alles wat daarin is aan Jesus Christus die Here en God die Vader toebring: dit is die Here wat vir sy kerk geslag was as Lam en hulle gekoop het om aan Hom te behoort, wat alles, elke gebeurtenis in die hele wêreld volgens sy raadsplan beskik en laat gebeur.

Niemand anders het hierdie mag wat net Jesus Christus ons Here het nie, soos dit in 5:3 aangekondig word: "Niemand – nie in die hemel, nie nie op die aarde, nie onder die aarde nie was egter in staat om die boekrol oop te maak of daarin te kyk nie." Nie net kan niemand God se raadsplan laat gebeur nie, maar niemand kan God se raadsplan van hoe en wat en wanneer Hy alles volgens sy wil raad laat gebeur ken of bekend maak nie.

Net Christus het die boekrol van ons, elke ander mens en volk en nasi ontvang en kan dit oopmaak!

4. Waaroor beskik Jesus Christus die Here alles?

Ons sien dit in die eerste vier perde wat verskyn elke keer wanneer Christus een van die sewe seëls oopbreek. Christus laat die perde verskyn! Hier word vier perde beskryf, 'n witte, 'n vuurrooie, 'n swarte en 'n vaal perd. Elke perd beskryf 'n vernietigende mag. Die wit perd is simbool van 'n aanvalsmag, iets soos vandag se tenks, vliegtuie, missiele en oorlogskepe. Dit gaan oor wêreldmagte wat mense met militêre mag oorwin en onderwerp om aan hulle gediensig te wees.

Die rooi perd stel die mag van anargie voor. Dit is iets anders as georganiseerde konvensionele weermagte en oorlog. Anargie gaan oor terrorisme, wetteloosheid, burgeroorlog en staatsgewilde en staatsgedrewe misdaad. Dit gaan daaroor dat die instelling vir vrede, die owerheid, die wetteloosheid toelaat en bedryf.

Die swart perd stel die mag van verarming van die gemeenskap deur magtiges voor. Mense wat werk kan met 'n volle dag se salaris nie genoeg kos verdien net om self aan die lewe te bly nie, wat nog daarvan om vir hul vroue en kinders te sorg. Die

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

magtiges egter, wat nie werk nie, sorg net dat hulle oorvloed van luuksheid soos olyfolie en wyn onbeperk bly.

Die vaalgroen perd stel 'n heel ander tipe mag voor – die gevolge van die eerste drie magte is pessiëktes en die vernieling deur die natuur omdat alle kultuur afgebreek is.

Christus beskik oor en bestuur alle magte in die wêreldgeskiedenis: die opbou van weermagte en oorloë, die uitbreek van anargie en wetteloosheid, die verarming van mense wat werk en die selfverryking van die magtiges tot nadeel van mense wat werk, en pessiëktes en natuurrampe.

Johannes beskryf hier in beeldende taal wat die Here self in sy profetiese rede aan die dissipels só verduidelik het: “Die een nasie sal teen 'n ander nasie optrek en een koninkryk teen 'n ander koninkryk. Daar sal hewige aardbewings wees en op een plek na die ander sal daar hongersnood en epidemies uit breek. Daar sal uit die hemel groot en skrikwekkende tekens kom.” (Luk. 21: 10 – 11)

5. Alles wat gebeur is nie maar net dinge wat gebeur nie, dit is die Here Jesus Christus wat dit beskik en bestuur binne God die Vader se raadsplan!

Wanneer 'n mens na die Here se woorde luister kan dit klink asof die Here net besig is om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur. Dan beteken dit wanneer dit gebeur moet ons net onthou dat Jesus dit voorspel het en dat wat nou gebeur is wat Jesus voorspel het.

Johannes wys egter wat die Here bedoel! Die Here voorspel nie wat in die toekoms gaan gebeur nie. Hy hou die boekrol van alles wat God beskik om te laat gebeur in sy hand en deur die seëls waarmee God sy raadsplan verseël het, te breek, laat Christus alles volgens sy mag en wil gebeur! Christus het die toekoms in sy hand en laat dit gebeur.

Alle magte wat soos perde oor die wêreldgeskiedenis heen storm, wêreldweermagte en oowinningsoorloë, anargie en wetteloosheid, verarming en selfverryking, pessiëktes en natuurrampe, is alles magte wat Christus volgens sy mag en krag loslaat, beskik en bestuur. Hy hou hulle in sy hand.

Eers as Hy die seël breek, kan die perde beweeg!

6. Wie is die Here Jesus Christus wat die seëls breek en die perde uitstuur?

Hy is vir die wêreld die Leeu uit die stam van Juda en vir sy kerk, sy kinders, sy welpies, die Lam wat geslag was vir hulle sonde en ongeregtighede!

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

Dit is hoe ons Christus as Here ken! Hy het alle wêreldmagte in sy hand en Hy beskik en bestuur alle wêreldgebeure sodat binne alles wat gebeur, is ons nie in die hande van die magte wat die Here loslaat en bestuur nie, ons is in die hand van die Here wat die boekrol in sy hande het. In alles wat Hy laat gebeur is en sal Hy vir ons die Lam wees wat vir ons sondes geslag is terwyl Hy die wêreld sal verniel om aan sy wil gediensig te wees.

Christus maak ons sy leeuwelpies! In en deur al hierdie magte wat Hy vrylaat en bestuur, maak Hy ons vir Hom 'n koninkryk van priesters wat as konings oor die aarde regeer. (5:9) Priesters omdat ons deur alles wat Hy laat gebeur ons lewe dankbaar aan Hom toewy in liefdevolle diens en konings omdat ons nie deur ons sondes oorheers word nie, maar oor ons sondes heers.

Christus laat ons nooit die verskrikte diere van die veld wees wat paniekerig koersloos rond hardloop en beangs in alles gevare sien wanneer Hy brul, dit is wanneer Hy die seëls breek en die perde oor die wêreld loslaat nie. Ons is nie verskrikte veldiere nie. Ons is priesters en konings, die welpies van die Here wat die magte van die wêreld oor die wêreld loslaat!

Terwyl die wêreld verskrik is oor wat Hy loslaat, leef ons rustig in die geborgenheid van sy krag en mag waarmee Hy ons liefhet en versorg!

7. Christus is ons Lam in alles wat Hy met die wêreld laat gebeur!

Daarvan is ons eie lewe mos 'n getuigenis. Wat het die Here Jesus met ons gedoen toe Hy die wit perd van Kommunisme oor die wêreld laat storm het en nasies oorwin en gediensig aan hul mag gemaak het? Ons het nie die mag van Kommunisme geglo en daarvoor gebuig nie. Die Here het beskik dat hierdie mag van Kubane en Russe op ons grense gestuit kon word. Terwyl die Here toe hierdie kragte en magte verniel het, het Hy ons sy kerk sonder skuld en oordeel laat wees wat Hom onbevrees deur al hierdie oorloë kon dien.

Wat is die Here besig om met ons te doen terwyl die vuurrooi perd oor ons land gestorm het, die magte van vernieling en verwoesting van 'n anargistiese owerheid wat wetteloosheid skep om hul self te bemagtig om te steel, te moor en te plunder? Ons is nie verskrik en paniekerig, koersloos en verward oor hierdie magte nie. Die Here is ons Lam wat ons met sy krag en mag só liefhet en bewaar, dat ons steeds gefokus is op ons dienswerk en ons roeping teenoor die Here. Ons is geborge in die hand van die Here wat die boekrol se seëls oopbreek en die magte loslaat volgens sy wil en raad, want die Here wat die seëls breek is vir ons sondes geslag sodat ons skuldloos vir Hom regverdig in sy liefde en diens bly.

Wat is die Here besig om met ons te doen terwyl Hy die swart perd oor ons land losgelaat het? Terwyl mense wat dienste lewer en aanhou werk al minder verdien en

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

hulle wat geen dienste lewe en nie hul werk doen nie, al meer kry? In hierdie verarming wat die Here oor die land loslaat bly ons volhard in ons werk en diensbaarheid want ons is priesters en konings! Ons werk omdat ons ons aan die Here en sy diens toewy, al leef ons al meer in gebrek, en ons laat nooit ons sondes ons oorheers omdat ons in gebrek moet leef nie. Hy is en bly ons Lam en ons kan nooit verskrik word as Hy as Leeu van Juda vir die wêreld brul nie, dit is wanneer hy die seël breek en die swart perd loslaat nie.

8. Wie se virus is die Corona-19 virus?

Aan wie behoort al die diere van die veld? Aan Hom wat alles gemaak het! Ook die roofdiere, die leeus, krokodille, jakkalse en hiënas! Aan wie behoort al die reptiele? Aan Hom wie alles gemaak het! Ook die slange! Al die slange, die wat giftig is en die wat nie giftig is nie, behoort aan die Skepper! Aan wie behoort al die insekte? Alle insekte, ook die spinnekoppe en skerpioene behoort aan God! En die bakterieë en die virusse? Alles is deur God gemaak en ook die Corona-19 virus behoort aan God!

Dit behoort aan Jesus Christus die Here! Daarom gee die hele skepping, in die hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see en alles wat daarin bestaan – aan Jesus Christus die eer en heerlijkheid volgens Open. 5: 13 “Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en eer en die heerlijkheid en die sterkte, vir ewig en ewig!

Ook die bakterieë en virusse roep uit dat Jesus Christus hul Here is. Ook die Corona-19 virus! Dit is die Here se virus wat aan Hom alle lof en eer gee!

Hy maak van hierdie virus die vaalperd wat Hy oor die wêreld loslaat. Christus het die seël gebreek wat hierdie virus as pes oor die wêreld losgelaat het. Daarmee gaan Hy beskik en bestuur wat hy deur hierdie mag gaan bewerk!

Dit is nie China wat die mag het om die boekrol oop te maak deur die seëls te breek nie. China kan nie die vaalperd oor die wêreld loslaat nie. Net so min kan Suid Afrika as land en nasie die nuwe variasie as vaalperd oor die wêreld loslaat. Dit is nie die duiwel nie. Die duiwel het geen mag om die boekrol in sy hand te hou en die seëls van die boek te breek om die perde oor die wêreld los te laat nie. Dit is net die Lam van geslag is, die Leeu uit die stam van Juda wat hierdie mag het. Dit is ook nie die sogenaamde “natuur” wat ’n krag en mag op sy eie teenoor God en die mens is nie.

Christus het die seël gebreek en die vaalperd, die Corona-19, sy virus, oor die wêreld losgelaat!

9. Wie gaan Hy vir ons wees deur hierdie virus heen?

Christus is vir ons die Lam nie die Leeu nie

Die Leeu uit die stam van Juda, wat die wêreld verskrik en paniekerig maak wanneer Hy brul, die seels breek en alles laat gebeur wat Hy in sy raadsplan het, gaan met en deur hierdie virus vir ons die Lam wees wat vir ons sondes geslag was.

Dit sal die Here vir ons wees wanneer ons nie hierdie virus opdoen nie en ook wanneer ons hierdie virus opdoen! Die Here is en bly vir ons in of sonder hierdie siekte, die Lam wat vir ons sondes geslag was. Die Here sal ons nooit met hierdie virus vir ons sondes, ons sondeskuld of ongeregtighede slag nie.

Hy is vir ons geslag! Hy slag ons nie met oorloë, anargie, armoede of virusse nie!

Met die krag en mag waarmee die Here alles in sy skepping beskik sal Hy ons in sy liefde vashou sodat ons in en deur alles vir Hom priesters en konings op aarde kan wees. En sou die Here beskik dat ons sou sterf, sterf ons in die hande van Hom in wie se hand die boekrol is. Ons sterf in die mag en krag van Hom wat ons die ewige lewe gee en nooit oorgee aan die magte wat Hy oor die wêreld loslaat nie.

In hierdie sekerheid kan ons die Here dank as Hy ons gesond laat bly en op die Here vertrou wanneer Hy beskik dat ons deur hierdie virus siek word, en selfs doodgaan. Ons leef en sterf in die mag van die Lam wat vir ons geslag is – nie in die magte wat Hy oor die wêreld loslaat nie.

10. Kom ons verheerlik die Here Jesus met die Here skepping alles in die hemel, op die aarde, onder die aarde, op en in die see – ook alle bakterieë en virusse: “Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die sterkte, vir ewig en ewig”

Ons kan dit doen want die Lam het aan ons die ewige lewe as gawe saam met Hom gegee. Ons leef met Hom en sterf om ewig met Hom te leef.

Terwyl ons ook bang is vir die dood, kom ons leef met die geborgenheid van die krag en mag van die Lam. Dit is soos met daardie welpies van die maanhaar leeu! Hulle is net soos alle ander diere ook bang vir die dood!

Maar hulle raak nooit verskrik en paniekerig, hardloop nooit koersloos en beangs verward rond, wanneer hul pa brul nie. Sy brul maak hulle geborge in sy liefde!

Hoe kan ons verskrik koersloos en beangs verward raak wanneer die Here die seëls breek en die perde oor die wêreld loslaat? Ons kan nie! Ons is in die hand van Hom wat alles loslaat en Hy is ons Lam! Ons nie in di mag van China, die duiwel of die natuur nie! Kom ons vier ons rus in God met hierdie vaalperd terwyl goddeloses in hul paniek en verwarring rondskarrel – kom ons wees ook met Covid-19 die Here se priesters en konings in hierdie wêreld: liefdevol diensbaar in sy raadsplan met ons ewige lewe saam met Hom!